Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

Mei 2026





# Kragtige Geloof te Midde van Ballingskap

In ‘n geslote land in die gebied van die Midde-Ooste en Noord-Afrika, is slegs een persent van die land Christene. Tog groei die kerk, dikwels stilweg, danksy groeiende huiskerke en dapper bekeerlinge uit Islam.

Baie gelowiges wat hier woon betaal ‘n duur prys om vir Jesus te volg: familie verwerping, dreigemente van egskeiding, verlies aan erfporsies, werkverlies en voortdurende teistering. Selfs kerke staar intimidasie en aanvalle in die gesig.

Te midde van hierdie druk, het Harvesters onlangs ondergrondse opleiding aangebied vir gelowiges wat ywerig is om die lewensveranderende Goeie Nuus te deel en kerke te plant. Tydens hierdie opleiding het ‘n vrou uit ‘n Moslem agtergrond, haar gesig steeds bedek, vir die eerste keer vandat sy haar lewe vir Christus gegee het, haar stem laat hoor.

Tesame met haar man, het sy ‘n getuienis gedeel wat almal teenwoordig diep geraak het. “Ons het hierheen gekom as vlugtelinge; vlugtelinge van oorlog en ongeregtigheid en ons het ‘n ondenkbare pyn saam met ons gedra,” het sy gesê. “Maar vandag vind ons uit dat die Here ons nie in ons ballingskap verlaat het nie.” Sy het verduidelik hoe die Harvesters opleiding haar gehelp het om te besef dat sy, selfs as ‘n vlugteling in moeilike omstandighede, steeds as ‘n dissipel kan leef en ‘n getuie vir Christus kan wees.

“Ek ervaar ‘n dapperheid wat ek nog nooit geken het nie,” het sy gesê. “Die materiaal [waaruit ons leer] is nie net lesse nie. Ek het ‘n praktiese metode aangeleer sodat ek deur die versperring van vrees kan breek en die eenvoudige boodskap van redding kan kommunikeer.”

Nou het sy en haar man ‘n nuwe visie. “Ons wag nie meer vir die perfekte omstandighede om ‘n kerk te bou nie,” sê sy. “Ons het geleer om die sade van God se Koninkryk in ons huise en ons gemeenskappe te saai. Kerkplanting is nie ‘n onbereikbare droom nie, maar ‘n realiteit wat ons kan skep deur net een persoon op ‘n slag te dissipeleer.”

Deur middel van hierdie tipe opleiding, bereik Harvesters sommige van die mees desperate en moeilike plekke – ons rus gelowiges toe en moedig hulle aan om sterk te staan, die Evangelie te deel en toe te sien dat nuwe kerke geplant word. God rig dapper getuies op, en Sy Kerk groei.

## Ook in hierdie Uitgawe:

2 Standvastig in die Sending - Die Werk van God deur ‘n leier in Guatemala

4 900 Bybels - Tallose Lewens Geraak







# Standvastig in die Sending

die Werk van God deur 'n Leier in Guatemala

## 'n Groeiende Oes in Guatemala

Guatemala is 'n nasie van meer as 18 miljoen mense. Hulle word diep geraak deur uitdagende kwessies soos armoede, geweld en wydverspreide godsdienstigheid sonder ware dissipelskap. Tog is God aan die beweeg te midde van hierdie uitdagings – lewens word getransformeer deur die werk van getroue leraars wat standvastig bly in hul roeping.

Een van hierdie leiers is Leraar Daniel Quisquinay, 'n Harvesters bondgenoot wie se lewe en bediening opoffering en volharding weerspieël. Ten spyte van diepliggende persoonlike verlies – die afsterwe van sy seun en geliefde vrou – dien Leraar Daniel steeds met 'n onwrikbare geloof. Sy hart klop vir die mense van Guatemala en vir die Kerk van Christus om stewig gevestig te word regoor die land. Deur middel van die visie en toerusting van Harvesters, is Leraar Daniel meer as net 'n leraar – hy vermenigvuldig.

## 'n Visie wat Wortel Skiet

In die omgewing van Santa Apolonia, omtrent 100 kilometer van Guatemalastad, is die impak hiervan reeds sigbaar. "Eerlikwaar was Harvesters 'n groot seëning in my persoonlike lewe," deel Leraar Daniel. "Ons het nuwe kennis ontvang met betrekking tot die groei en ontwikkeling van die kerk."

Hierdie kennis is nie maar net teoreties nie; dit word op voetsoolvlak toegepas. Namate Leraar Daniel en sy span die Harvesters model toegepas het, kon hulle tasbare resultate ervaar: sterker bedieningspanne, groeiende gemeentes, en nuwe kerke wat geplant word. "Tot op hede, het God ons toegelaat om nege kerke in hierdie streek te plant," deel hy.

Nege kerke in 'n radius van 300 kilometer, in net drie jaar – en elke kerk 'n plek waar gelowiges gedissipeleer word, leiers opgerig word en gemeenskappe met die Evangelie bereik word.

## Rig die Volgende Generasie Leiers Op

Die spilpunt van hierdie groei is die ontwikkeling van Studenteleraars – manne en vroue wat opgelei, gedissipeleer en in die bediening ontplooi word.

In Tecpán, in die weste van Guatemala, is Leraar Cesar Raxsha een van hierdie leiers. Onder die begeleiding van Leraar Daniel, lei Cesar 'n groeiende gemeente van ongeveer 60 gelowiges by Living God Ministries.

Dis nie net entoesiasme wat agter hierdie groei staan nie, maar ook intensionele voorbereiding. "Die [Harvesters] materiaal is vir ons 'n groot hulp," deel Cesar. "Ons het die meeste gemaak van hierdie hulpbronne."

Met behulp van Harvesters se opleiding leer hy om preek-raamwerke voor te berei, gelowiges te dissipeleer en doeltreffende leiding te gee in sy gemeenskap. "Hulle moedig ons aan om voor te berei," verduidelik hy. "En ons doen dit ook, want dit is noodsaaklik."

Alhoewel hy dalk nooit diegene sal ontmoet wat in sy opleiding belê het nie, is Cesar al te bewus van die vennootskap agter hierdie bediening. "Dankie Harvesters, dat julle in ons lewens inploeg," sê hy. "Ons doen die werk hier en maak gebruik van die riglyne." Dit is die krag van vermenigvuldiging: hulpbronne wat in een deel van die wêreld beskikbaar gemaak word, wat leiers in 'n ander wêrelddeel toerus, en wat tot gevolg het dat lewens vir ewig getransformeer word.





## Bou vir die Toekoms

In Tecpán, het die gemeente onlangs ‘n noemenswaardige geloofstap geneem: hulle het grond gekoop om ‘n kerkgebou op te rig. Die begin van hierdie konstruksie staan nou as ‘n getuienis van God se voorsiening en die toewyding van die plaaslike gelowiges.

“Hierdie jaar het Hy ons toegelaat om hierdie grond te koop deur middel van die insette van hierdie broers en susters wat hier bymekaar kom,” verduidelik Leraar Daniel. “Nou het ons die voorreg om die kerk te begin bou.”

Dis meer as ‘n struktuur. Dis ‘n plek waar mense bymekaar sal kom om te aanbid, waar die Woord van God onderrig sal word, en waar baie vir Christus sal leer ken. “Ons glo dat baie lewens deur die liefde van ons Here gedring sal word om Jesus as hul Verlosser te aanvaar,” sê hy.



## Groeiende Werk

Regoor die weste van Guatemala groei die bediening. Van kerk tot kerk en van leier tot leier skiet die Evangelie wortel. Leraar Daniel het hierdie visie van Harvesters – om onbereiktes te evangeliseer, kerke te plant en gelowiges te dissipeleer – beliggaam en nou rig hy ander op om dieselfde te doen. Sy Studenteleraars word leiers in hul eie reg en dra die opdrag uit na nuwe gemeenskappe. Dit is hoe vermenigvuldiging plaasvind. Nie deur een leier wat in afsondering handel nie, maar deur talle wat opgelei, toegerus en gestuur word.

Namate hierdie werk ontvou, bly die woorde van Jesus net so relevant as ooit: “Die oes is groot, maar die arbeiders min.”

In Guatemala, is die oes gereed. Net soos die omliggende mielielande wat binnekort ‘n oorvloedige opbrengs sal lewer, is daar ook ‘n geestelike oes wat daarop wag om ingesamel te word. En God antwoord die gebed vir nog arbeiders.

Danksy standvastige leiers soos Leraar Daniel, en deur die opleiding van Studenteleraars soos Cesar, bewerk meer arbeiders die geestelike landerye – voorbereid, toegerus en toegewy aan die werk van die Evangelie. Die gebed gaan voort: dat God selfs nog meer manne en vroue sal oprig om hul lewens aan sending te wy. En namate Hy dit doen, sal die oes aanhou groei. Alles tot Sy eer.








*Wanneer jy saam met Harvesters werk, baan jy die weg vir mense om Jesus te leer ken en daardeur kerke te plant in sommige van die moeilikste plekke ter wêreld. Dankie vir jou vrygewigheid en gebede!*



# 900 Bybels,

## Tallose Lewens Geraak

In Maart het 48 passievolle dissipelmakers saam met Harvesters na Eswatini gereis om 900 Bybels te versprei en die Evangelie te deel. Ten spyte van voortdurende swaar reën, het die span onder 'n sonnige aankoms, 'n herinnering aan God se getrouheid ervaar.

Die bediening het by 'n skool in Sipofaneni begin, waar 750 leerders bymekaar gekom het. Na afloop van 'n lewendige jeug-sessie is 300 Nuwe Testament Bybels aan die skool oorhandig. Daarna is spanne uitgestuur om straat-evangelisasie te doen en uit te reik na nabygeleë areas. Baie mense het hul harte vir Jesus gegee en is met plaaslike kerke verbind sodat hulle gedissipeleer kan word.

Later kon ons die Jesus Film vertoon, en daar het nog vier mense op die Evangelie-boodskap gereageer – en ons weet dat selfs net een siel rede is feesviering in die hemel.

Swati, Zoeloe en Engelse Bybels is versprei na 21 nuut geplante kerke. Die honger na die Woord van God was onmiskenbaar. Een vrou het selfs 15km deur die reën geloop om vir die eerste keer 'n Bybel te kan ontvang.

**Watookal dit verg — die wil van God het geskied.**







# Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun.
Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 100 lande, keer ons terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Maak vandag 'n blywende verskil deur by te dra!

Lei Leerars Op | Plant Kerke | Voorsien Bybels | Bereik Mense & Maak Dissipels

**Dra by via ons Webblad OF via die QR Kode om via ZAPPER of SNAPSCAN om te gee.**

**Baie Dankie.**

zapper™

SnapScan

Snap here to pay

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:**
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: **"NE0526AFEM "** + [jou naam]

Harvesters MINISTRIES

**Suid-Afrika Posadres:**
13 Somerset Road, Longdown Estate, Somerset West, 7130

**E-pos:**
info@harvestersministries.com

www.harvestersministries.com

Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare welsynorganisasie (NPO en PBO).